Publication: Beeld(Uitgawe2) (School)
Publication Date: 10 May 2017
Page: 7

AVE: 40459.50
Circulation: 41682
Part: 1 of 1

Carlé (11) speel vir Suid-Afrika

Wilhelm de Swardt

Voordat jy kan wen, moet jy eers leer om te verloor.

Die 11-jarige Carlé Botha van die Laerskool Die Poort het dié lewensles sommer vroeg al geleer. Om presies te wees toe sy vyf jaar oud was.

Haar pa, Frans, vertel dat sy in haar heel eerste tenniswedstryd teen 'n seun gespeel het. Toe sy verloor, het die trane behoorlik gevloei.

"Ons het toe mooi vir haar vertel dat sy nie elke wedstryd wat sy speel, kan wen nie. Sy moet terugslae kan verwerk voordat sy 'n kampioen kan word. In haar volgende wedstryd het Carlé weer teen 'n seun gespeel. Die keer het sy gewen. Toe huil die seun. Carlé het dadelik vir hom die lewensles van wen en verloor verduidelik.

Die afgelope ses jaar het die Tuks-tennisspeler meer wedstryde verloor as wat sy sou wou, maar soos 'n goeie kampioen betaam, was sy baie meer keer aan die wenkant.

Die weier om toe te laat dat terugslae haar onderkry, is die rede waarom sy Suid-Afrika se voorste o.12-meisiespeler is.

Vandeesweek gaan sy Suid-Afrika by internasionale toernooie in Madagaskar en Mauritius verteenwoordig.

> **Dit gaan vir my so belangrik wees om na die beste van my vermoë te speel. Die belangrikste ding wat ek by Tuks geleer het, is dat almal foute maak.**

Om haar land te kan verteenwoordig, is vir Carlé 'n groot eer.

"Dit gaan vir my so belangrik wees om na die beste van my vermoë te speel. Die belangrikste ding wat ek by Tuks geleer het, is dat almal foute maak.

"Die grootste fout wat enige tennisspeler kan maak, is om op die baan vir jouself kwaad te raak.

"Oom Kobus, wat my help om soos 'n wenner te dink, sê wanneer ek 'n fout maak, is dit belangrik dat ek so gou moontlik daarvan vergeet en op die volgende punt fokus."

Carlé is ook 'n talentvolle netbalspeler, maar tennis bly haar eerste liefde.

Daar is vir haar niks lekkerder as om 'n teenstander met 'n verskeidenheid van houe te probeer uitoorlê nie.

Sy beskou haar voorarm en afslaan as haar beste aanvalswapens en sê dat sy nog 'n bietjie aan haar rughand moet werk. Maria Sharapova wat al vyf Grand Slam-titels verower het, is haar rolmodel.

Kobus Botha, Tuks-tennisafrigter, wil in dié stadium nie te veel druk op Botha plaas nie.

"Sy is beslis baie talentvol, maar die grootste fout wat ons by Tuks Tennis kan maak, is om te vroeg te veel druk op haar te plaas.

"In dié stadium is dit belangriker dat ons haar help om haar tegniek te bly verbeter. Dit is ook belangrik dat sy elke keer wanneer sy op die tennisbaan uitstap, moet geniet wat sy doen. Eers wanneer sy o.16 is, begin die werklike hard werk."

Carlé Botha, van die Laerskool Die Poort, is tans die voorste o.12-meisiestennisspeler in Suid-Afrika. Foto: REG CALDECOTT

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.